DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

"GEBORE UIT DIE MAAGD MARIA…"

Dis alweer amper Kersfees. Die fees van Jesus se geboorte, die Verlosser wat ons bevry het van die sonde! Kan ons ooit dankbaar genoeg wees vir Christus se geboorte? Dit lyk alles so gewoon. 'n Babatjie word gebore, Hy groei op. Sien ons dit nie elke dag nie? Daar was regtig niks besonders aan Jesus se geboorte of opvoeding nie. Dit was net soos enige ander kind s'n. Die verskil is dat hierdie baba al van voor sy geboorte 'n verlossende taak gehad het, Hy moes sy Vader se kinders verlos van die sonde!

Christus se koms na die aarde was vir ons mense die begin van ons verlossing. Christus het na die aarde gekom om die band tussen Vader en kinders te herstel. Om die skuld wat ons teenoor ons Vader het weg te neem. Daarom mag ons Kersfees vier en dankbaar wees vir God se onmeetbare liefde vir ons, sy kinders, dat Hy sy eniggebore seun na die aarde laat kom het om ons sondige mense te verlos! Die fees wat by Christus se geboorte so amper ongemerk vir die buitewêreld verby gegaan het. Die fees wat arm herders en ryk wyses eer laat betoon het aan 'n klein babatjie, sonder sondes, wat ons sondes sou wegneem. Laat ons ook hierdie Kersfees weer eer betoon aan **die** Verlosser!

Op 'n ander noot, teen die tyd dat hierdie Olielamp uitkom is dit nog net twee weke voor die Kongres. In hierdie Olielamp sal julle die voorstudiemateriaal vir al vier die lesings kry en alle verdere inligting wat julle mag nodig kry. Ons hoop om julle almal daar te sien! Baie geluk ook aan almal wat klaar is met eksamens en dit gemaak het, na al die harde swoeg en sweet en werk! Geniet julle vakansie!

Verder hoop ons natuurlik ook dat julle hierdie Olielamp interessant om te lees en opbouend vir julle geloof sal vind.

Namens die Maranata-redaksie
Cora

INHOUD

"Gebore uit die maagd Maria…"	1
Uit die woord	**2**
Die tweede bede: "Laat U Koninkryk kom"	2
As ek bang word	3
Die eerste sinode in Jerusalem	3
Oppad	**4**
Is die Islam 'n bedreiging vir ons geloof?	4
Bybelstudie vereniging (4)	5
My hart is onrustig, totdat dit rus vind in U (II)	6
Voel jy ook so?	**8**
Uitverkiesing	8
"Jingle Bells …"	8
Kongres 2001	**10**
Nuus van die Kongresboesman	10
Gospelmusiek - 'n gawe van God	10
Waarom gebruik ons die ou Bybelvertaling?	13
Hoe beoordeel 'n mens die tradisionele swart godsdiens?	13
Wat is die mens?	14
Sosiaal	**15**
Sleutelgat	15
Voetspoor	15
Boeke	**16**
Tussen hamer en sekel ~ Michael Wurmbrand	16
Die swerfjare van Poppie Nongena ~ Elsa Joubert	17
Ander	**18**
Be still and know that He is God	18
Wie is ek?	18
Gedig: Kersfees	19
Verjaarsdae	20

DIE TWEEDE BEDE: "LAAT U KONINKRYK KOM"

Floris Visser

Tot nou toe het ons nog in die huislike sfeer verkeer. In die begin spreek ons die Here as ons Vader aan. Daarna het ons gevra dat ons gedrag tog nie die Naam van die Here, as ons Vader, moet skend nie. Ons het ons dus in die eerste bede as kinders besorg gemaak oor ons Hemelse Vader se Naam.

Hier word ons egter uit hierdie intimiteit van die gesin weggeruk. Nou word die Here die koning en ons word Sy soldate. Met hierdie plotselinge oorgang wil Christus ons wys dat ons nie in hierdie geslotenheid van die huisgesin mag bly nie. Ons mag nie in 'n hoekie gaan sit en die geloof vir onsself hou nie, ons moet uitgaan en evangeliseer. God gee ons die krag en wysheid as Vader, maar nou moet ons hierdie krag en wysheid wat ons van Hom gekry het ook tot Sy eer gebruik. Ons moet bid vir die koms van hierdie koninkryk van Hom. Hoe werk dit dan? Bestaan Sy Koninkryk dan nog nie? God se Koninkryk bestaan mos al, want Hy sit dan op Sy troon en heers oor die skepping? God heers al klaar oor alles. Hy heers klaar oor die hele skepping. Hoe kan Sy Koninkryk dan nog moet kom? Ons moet dit sien in die lig dat God se hoogste doel nie is dat almal voor Hom buig en dat alles en almal aan Hom onderdanig is nie. God se hoogste doel is dat die burgers van Sy Koninkryk regtig vir Hom wil buig en hulle regtig aan Hom wil onderwerp.

Hy het Christus van ewigheid af aangestel om hierdie genaderyk van Hom weer tot geldigheid te bring na die sondeval. Hierdie ryk kom dus nie plotseling nie. Dit kom geleidelik. Dit is nou al klaar daar, maar moet nog verder groei, dus moet die volkome Koninkryk van God nog kom. Sondag 48 van die Heidelbergse kategismus sê duidelik dat hierdie koms van die Koninkryk by onsself moet begin. "Regeer ons so deur U Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp." As ons oor die bekering praat, dink ons baie keer eerste aan ander mense: "Daai ou, en daardie meisie….." Dis nie die regte manier nie. In die gebed moet ons eers aan onsself dink. Daar is so baie in ons eie lewe verkeerd wat reggemaak moet word, voordat ons na ander mense se gebreke kyk. Ons hoor dit ook self van Christus in Luk 6:41,42: "Waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk wat in jou eie oog is merk jy nie op nie? … Geveinsde, haal eers die balk uit jou eie oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter wat in jou broeder se oog is, uit te haal."

Die Kategismus gaan van die feit uit dat ons al burgers van God se Koninkryk is, maar wat is ons tog slegte onderdane. Daarom bid ons hier of die Here van ons beter onderdane wil maak. Hoe het ons dan onderdane van Hom geword? In die doopsformulier staan mos dat ons, mense, slegs tot die Koninkryk van God toegang kan kry as ons opnuut gebore word? Hier sê ek dus dat jy net burger van Sy Koninkryk kan wees as jy wedergebore is. Hierdie wedergeboorte is 'n lang proses en gebeur nie sommer skielik nie. Dus moet ons elke dag weer bid of God ons beter onderdane van Hom wil maak. Sodat ons regtig wil doen wat Hy van ons vra. En dit kan slegs gebeur deur die werking van Sy Gees in ons harte.

Die Kategismus gaan aan deur te vra vir die bewaring van Sy Kerk. As ons regtig opreg by

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Rinus Kamphuis - kamphuisrk@hotmail.com
Sekretaresse: Karina Smit
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Willemien Kleijn
Wilma Lubbinge
Anita Zielman
Chris Stolper

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Kaapstad:
Redaktrise: Lieneke Eefting - lieneke@xsinet.co.za
Artikelversorging: Christine van der Linden
Jaco Haak
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Margreet Moes

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker
Bethal: Arnoud van den Bout

Uitleg:
Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

onssen begin het mag ons wyer kyk. Dan kyk ons na die volk van God op aarde. Sy kinders hier. Die kerk. Die Koninkryk van God is egter ook nog veel groter as die kerk hier op aarde. Ons moet hier bid vir die bewaring van Sy kerk, omdat daar altyd gevare is vir die kerk van Christus. Daar is altyd gevare vir die kerk. Daar is soms gevare van buite en soms gevare van binne in. Ons moet dus vra dat die Here Sy kerk vir alle gevare wil bewaar.

Ons vra dan later volgens die Kategismus dat die Here die werke van die duiwel wil vernietig. Die burgers van Christus haat die werke van die duiwel en sy medewerkers en vra dus elke keer weer of die Here dit wil vernietig. Die burgers haat dit, omdat daar altyd 'n teenstelling tussen hierdie twee ryke was. En net soos water en vuur mekaar haat haat ons ook die werke van die koninkryk van die duiwel.

Die voltooiing van die bede is: totdat die volkomenheid van u ryk kom en u alles in almal sal wees." Hier bid ons dus dat die ryk van van die Duiwel heeltemal beskaamd sal word. Hier bid ons vir 'n ryk waar God alles en almal sal wees. Dit klink amper onmoontlik, want hoe mooi en vredig gaan daardie koninkryk wees! Dit is iets wat ons nie nou kan verstaan nie. So word hierdie bede 'n bede om die wederkoms van Christus. Dit word dus 'n bede wat ons elke dag moet bid, sodat die stryd met die bose hier op aarde verby sal wees en ons in Sy Koninkryk tot Sy eer mag leef. Laat ons dan ook met blye harte uitsien na daardie dag, waarin ons Here se Naam so groot sal wees. Wanneer almal met gewillige harte voor Hom sal buig. En die moeite en verdriet verby sal wees!

AS EK BANG WORD

Ek sal tot die Here sê: "My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou." Ps 91:2

Deesdae word ons dag na dag gekonfronteer met skrikwekkende gebeure: plaasmoorde, aanranding, diefstal, verkragting …
Laasgenoemde is sterk aan die toeneem veral onder jong kinders. Alhoewel ons hare rys en pessimismse oor ons neersak moet ons nie vergeet van bostaande vers nie.

Die haat en wêreldse gedagtes wat ons oorval, demp die vertroostende Woord van God. Dit beïnvloed ons Christelike lewenswyse op 'n negatiewe manier. God is ons Vader op wie ons altyd kan staat maak. In goeie, sowel as slegte tye. Hy weet al wat jou node is voordat jy Hom vra. En Sy engele is altyd beskermend om jou. Lees daaroor in Psalm 91:11,12.

As jy bang is, is jou geloof altyd baie belangrik, maar vir hulle wat in God nie glo nie is daar geen Trooster nie.
Hebr 13:6 – "Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?" En as daar 'n wêreldoorlog sal uitbreek, lees ons in Openbaring 20:8-10 dat die duiwel net 'n kort rukkie sal mag hê. God se almag sal intree en ons sal vir ewig gered wees. Jesaja 41:10: *"Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand"*
Die woorde behoort die laaste bietjie vrees uit jou hart te neem. Lees ook gerus 2 Kron 20:15. Die duiwel en sy magte wil-wil jou onder kry, maar dan druk jy terug met die wapenrusting van God aan:
Julle lendene met die waarheid omgord, die borswapen met geregtigheid aan; en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Neem die skild van die geloof, die helm van verlossing en die swaard van die Gees (Ef 6:10-20).

So moenie benoud en bevrees wees nie; die hele Bybel is vol van tekste waar God beloof om as Beskermer sowel as Vertrooster op te tree. Ten slotte: 'n ongelooflike mooi psalm - Psalm 27. Dit is heerlik om te weet dat daar 'n adres vir jou nood is waarby jy kan skuil as dinge te erg word.

DIE EERSTE SINODE IN JERUSALEM

Clara van der Vinne

Handelinge 15: 1-35
Sleutelvers: Hand 15:6

'n Mens kan die Jerusalem-byeenkoms waarvan ons in Handelinge 15 lees, seker as die eerste sinodevergadering beskryf. Die gemeentes van Jerusalem en Antiogië het afgevaardigdes na dié vergadering in Jerusalem gestuur. Die kwessie van die nie-Joodse bekeerlinge het tot meningsverskille in die vroeë kerk gelei, en die vraag was of dit vir die nie-Jode nodig was om die Joodse wette en gebruike na te kom.

veral onder die invloed van die sogenaamde Judaiste het sommige daarop aangedring dat die nie-Jode wel die Joodse wette moes gehoorsaam en selfs besny moes word, anders kon hulle nie gered word nie. Paulus en Barnabas het hulle heftig daarteen verset (vers 2) omdat dit nie vir dié mense nodig was om eers Jode te word voordat hulle Christene kon word nie. God kyk na die mense se harte en nie na die uiterlike nie.

Die vergadering het uiteindelik besluit dat hulle reg was, en dat dit nie vir die nie-Joodse gelowiges nodig was om aan die Joodse wette gehoorsaam te wees nie. Dit was ook nie vir hulle nodig om besny te word nie. Joodse en nie-Joodse gelowiges kon saam eet sonder dat die Jode daardeur onrein gemaak sou word.

Dit is goed om te kyk hoe die gemeente hulle probleme opgelos het.

- Hulle het bymekaargekom om sake dit te praat.
- Die vergadering het die kerkleiers en almal wat betrokke was, ingesluit.
- Paulus en Barnabas het hulle saak gestel.
- Jakobus het al die argumente opgesom en daarna ‘n ewewigtige voorstel ingedien.
- Almal het die voorstel aanvaar.
- Die vergadering het ‘n brief saam met die afgevaardigdes van Antiogië gestuur om die besluit aan die gemeente daar oor te dra.

Só behoort konflik binne die kerk mos opgelos te word. Die belangrikste rolspeler by die vergadering was die Heilige Gees (vers 28). Hy het in die hart van die afgevaardigdes gewerk om die regte besluite te neem. So moet ons ook onsself onder die leiding van die Heilige Gees stel en genoeg daarvoor bid. Alleen deur genade word ons gered.

Oppad

IS DIE ISLAM ‘N BEDREIGING VIR ONS GELOOF?

Corrien Geleynse

Dít is nou die vraag wat ek moet probeer beantwoord, maar ek sal begin met ‘n teenvraag – hou enige geloof ‘n bedreiging vir ons s’n in? Ek dink ons konsentreer nou meer op die Islam omdat dit sopas met skokkende skielikheid onder ons neuse kom vryf is wat dit nou eintlik is wat die Islam sy aanhangers beveel.

Dit is ‘n feit dat Moslems verantwoordelik is vir die meeste terroriste optrede regoor die wêreld, en die moed hiervoor word verskaf deur die Koran met sy beloftes van ‘n fantastiese lewe ná die dood (Tipies van die Arabiere betref dit net die mans. Die vroue sal seker voortgaan om dienende geeste te wees. Merk julle ook die tikkie seksisme, dames?! En die bewys dat die Islam eintlik ‘n verspotte geloof is?). Ek sou graag my nuutverworwe kennis omtrent die aanvalle op die WTC en die Pentagon met julle wou deel – dis regtig baie interessant – maar ek sal nie, want dit sal ons nog baie lank besighou en dalk my mede-artikelskrywers van hierdie uitgawe, van hul skryfspasie en julle van julle tyd beroof.

My persoonlike mening is dat die Islam eerder ‘n aanwins vir die Christelike geloof sou kon wees. Want wys my een persoon op hierdie aarde wat by sy volle positiewe is – nie verblind deur allerhande dwase en gekke beloftes nie, wil dit sê – wat sal verklaar dat hy ‘n geloof van oorlog, bloed en wraak bo een van geluk, liefde en vrede verkies. En daarby, as selfs Abu-Bakr, die eerste kalief na Mohammed, verklaar dat, selfs al had hy reeds sy een voet in die Paradys, hy Allah nie sal vertrou om hom wel in te laat nie, staaf dit tog net die absolute twyfel en onmag wat hierdie geloof spel. Ons as Christene word die ewige lewe en saligheid beloof as ons vrede en liefde vir God en ons naaste najaag. Ek dink Allah moet omtrent een van die mins beminlike van alle gode wees. (Vreemd, hoe alle afgode eintlike gode van twyfel, onmag en oorlog is, nie waar nie? Dink onder andere ook maar aan Elia en die Baälprofete.)

Wie kan dan stry dat ons die mees aanvaarbare geloof in die heelal het? In hierdie eeu tenminste, waar ons al saf geword het, en pyn, geweld en oorlog deur een en almal gevrees word. Dan is dit tog verseker makliker om te glo dat ons ‘n Vader in die hemel het wat elkeen van sy kinders in sy beskermende Vaderhand toevou sodat daar met ons niks kan gebeur wat Hy nie wil hê of beplan het nie? En as ons ernstig siek sou word, ‘n geliefde moes afstaan, of eensaam sou moes wees, kan ons dit met ons hele hart aanvaar as dit wat ons liefhebbende Vader vir ons bedoel het. Dan kan dit tog onmoontlik sleg wees vir ons?!

Maar dis *besides the point.*

Die vraag of die Islam straks die Antichris kan wees, is eintlik nogal ‘n helder saak volgens my. Ons broeder in die enige ware geloof en apostel van ons

Here, Johannes, maak dit immers duidelik wie en wat die Antichris is: "*…soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar nou baie antichriste … Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie … Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën*" (1 Joh. 2: 18b – 19a, 22) en ook: "*Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.*" (II Joh.: 7). En wat, almal wat nog tot hierdie tyd nie hy is, is die Islam anders as die vurigste ontkenning van ons Vader, sy Seun en die Heilige Gees se bestaan en werking?

Ek is moontlik die stiksienige een, of ek dra van iets nie behoorlike kennis nie, maar my redenasievermoë gaan nie so ver as om te begryp hoe enigiemand die Islam bo die Christendom kan verkies nie. Daarom, om die vraag wat gestel is, te beantwoord: Ek dink eerlikwaar nie die Islam hou vir die Christendom 'n gevaar in nie.

BYBELSTUDIE VERENIGING (4)

Frans Hagg

Die Nuwe Voorsitter

Elke nuwe jaar word daar nuwe voorsitters gekies. Party het al eerder gelei, maar vir ander is dit die eerste keer. Vir van hulle is dit nie so moeilik nie, maar vir die meeste is dit 'n groot uitdaging en /of vrees. Vir die jeuglede wat die eer mag kry om 'n vergadering in God se Naam te lei, wil ek graag 'n paar idees gee om die eerste vergadering makliker te maak.

Ons het al almal 'n vergadering bygewoon waar iemand anders lei, maar nou is dit jou beurt. Die vorige voorsitter het dit so maklik reg gekry, maar noudat jy voor almal sit lyk die prentjie heeltemal anders. 'n Klomp vrae duik dadelik op. Hoe gaan ek begin? Hoe gaan ek orde handhaaf? Wat gaan die mense van my dink? Hoe kan ek suksesvol wees? ens.

Dit is helaas nie moontlik om 'n aantal reëls neer te lê en dan te verseker dat die vergadering glad verloop nie. Wel kan daar 'n paar wenke gegee word wat in die praktyk bewys het dat dit vir die nuwe voorsitter die moeite werd is om te onthou. Nie dat alle vergaderings dadelik suksesvol verloop nie, maar dit hoef jou nie te ontmoedig nie. Want deur ervaring leer 'n mens die meeste.

Hier volg 'n paar wenke vir die nuwe voorsitter:

1. Wees jouself

Jy moenie jouself voorneem om te streng of te vriendelik te wees nie. Die ander jeuglede het jou gekies vir wie jou nou is en nie vir 'n leier met 'n veranderlike persoonlikheid nie. Indien jy te streng voorkom wek jy net weerstand op. En indien jy te vriendelik voorkom, mag die ander jeuglede in die toekoms daarvan misbruik maak.

Begin die vergadering baie rustig en moet jou nie bekommer oor hoe die vergadering gaan verloop nie. Na elke vergadering kan jy rustig gaan sit en kyk of daar nie iets is wat jy op die volgende vergadering meer aandag aan moet gee nie.

2. Begin dadelik

Moenie die eerste vergadering begin met 'n openingstoespraak nie of iets dergeliks nie. Meeste gaan in elk geval nie daarna luister nie en dit kan tot gevolg hê dat van hulle ongeduldig word. Moet ook nie 'n klomp reëls neerlê en verwag dat hulle daaraan gaan hou nie. Al die jeug is oud genoeg om self verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Begin die vergadering dadelik net soos dit in die verlede deur ander voorsitters gedoen is.

3. Vergadering moet glad verloop.

Sorg dat die vergadering glad verloop. By 'n trae vergadering word die jeug net onrustig. Die voorgenoemde program moet daaraan voldoen dat die beplande tyd goed gebruik word, veral vir die bespreking. Dit word dan ook aanbeveel om op die eerste vergadering met die bespreking van 'n nuwe onderwerp te begin.

4. Voorkom deurmekaar agendas

Voorkom agendapunte wat die vergadering deurmekaar maak. Dit kan op die eerste vergadering bv. die verkiesing van 'n nuwe bestuur wees. Sorg dat die verkiesing glad verloop sonder onnodige kinkels en draaie. Hou die rondvraag aan die einde van die vergadering nadat die Bybelbespreking afgesluit is. Dit voorkom dat die lede tydens die vergadering daaraan dink. En sodoende kan hulle hul aandag by die Bybelstudie hou.

5. Moenie paniekerig raak nie.

Bly altyd rustig en reageer rustig op vrae of opmerkings, al ruk dit soms hand uit. Moet nooit paniekerig raak en jouself opwen nie. Daardeur prikkel jy net die onrus en sensitiwiteit van die jeug en kan die situasie vererger. Deur volkome beheerstheid en fermheid kan die situasie gou gered word.

6. Gee altyd leiding
'n Rustige optrede beteken nooit: die vereniging sy eie gang laat gaan nie. As voorsitter moet jy leiding gee. Moenie dink dat as jy die leiding op hulle afdruk, dat hulle daarmee tevrede gaan wees nie. Gee kragtig, nie-oorheersend en soveel moontlik onopvallend leiding. Onthou altyd: vir streng maar regverdige leiers word daar altyd respek betoon.

7. Moenie dadelik aan die ergste dink nie
As die gang van sake nie altyd verloop soos jy dit wou gehad het, dink nie gou dat die ander daarmee begin het om jou net teen te werk of om lastig te val nie. Al lyk dit dalk partykeer so, is dit meestal nie die geval nie. Mense kan partykeer snaakse dinge aanvang, gewoonlik om die spanning of ernstigheid te verbreek. Of slegs om net aandag by die ander lede te verkry. Wees ferm maar tog rustig met die lede wat oortree sonder om te kwaai daar op in te gaan. Vereniging is 'n plek waar ons almal saam dit geniet om die Woord van God te bespreek en dit hoef nie op 'n bedrukte manier gedoen te word nie.

8. Moenie ongewenste vryhede toelaat nie
Verleen van die begin af geen vryheid wat kan lei tot wanorde en sodoende die gang van die vereniging benadeel nie. As jy hier een vinger gee sal hulle 'n hele hand gryp. Dit geld veral vir die Bybelbespreking. Die bespreking moet deur almal aandagtig gevolg word. Daar moet nie deur mekaar gepraat word nie, geen onderlangse fluistering nie, geen gespeel, briefies skryf nie, ens.

9. Sorg dat almal saam werk.
Probeer die aandag van almal by die bespreking hou. Stel self vrae indien nodig, maar gee net antwoorde indien niemand 'n antwoord of opmerking het nie. Stellings kan ook gemaak word wat dan bespreek kan word. Vrae kan ook uit die voorstudiemateriaal gekry word, maar probeer eers dat hulle hul eie vrae vra.

10. Berei goed voor.
Last but not least: Sorg dat jy iets het om aan die lede te bied. Berei jouself grondig voor vir die behandeling van die onderwerp. Dit gee jou meer selfvertroue om die vergadering te lei. Daardeur verryk jy ook die vergadering verder en kan jy ook iets aan die ander lede bied. Daardeur groei die lede se agting en respek ook vir jou. Maar waak daarteen om nie te verwaand te word nie.

As afsluiting: Onthou dat jy die eer en verantwoordelikheid van God gekry het om die vergadering te lei en dat jy dit met vreugde en eerbied as dienaar van God *en* die ander lede na die beste van jou vermoë sal en wil doen.

Sterkte aan al die voorsitters wat volgende jaar die eer kry om die vergaderings te kan lei.

Verwerk en vertaal uit: *Werken in het verbond; handleiding ten dienste van leid(st)ers en ouderbesturen*

MY HART IS ONRUSTIG, TOTDAT DIT RUS VIND IN U (II)
— die skokkende realiteit van postmodernisme

Erik van Alten

In die vorige uitgawe het ons in kort na die heerlike boodskap van die Bybel gekyk. En wat 'n heerlike boodskap is dit nie! Dis die boodskap wat vir ons die redding bring! Wie wil sien dat hierdie boodskap aangeval word? Want dis wat die postmodernisme doen: dit steek die Woord in die hart en laat dit stadig doodbloei[1]. Dis hoe radikaal die Bybelse boodskap en postmodernisme teenoor mekaar staan. Tog is hierdie radikale verskil in die praktyk nie altyd ewe sigbaar nie. Die satan klee ook hierdie wolf in skaapsklere, sodat ons oë van geloof nodig het om dit te kan ontmasker. In hierdie uitgawe wil ek enkele kenmerke van die postmodernisme na vore bring en wys hoe dit homself in die praktyk laat sien, selfs in die kerk. Ek wil dit spesifiek ook in verband bring met die Bybelse boodskap van die vorige uitgawe.

Ek wil geensins voorgee dat ek in hierdie artikel volledig is nie, want daarvoor is hierdie filosofie veels te omvattend. Ek sal probeer om enkele van die belangrikste hoofpunte aan te dui.

Individualisme
In die vorige artikel het ons gesien dat God die universele (sowel as die individuele) in die skepping gestel het. Buiten dat dit 'n skeppingsordening is, sien ons dat God daardie skeppingsordening ook in die praktyk bring: Hy werk nie met los individue nie, maar met sy volk (sien hoe God vanaf Gen 12 vir Hom 'n volk kies om mee verder te gaan). Wanneer

[1] Natuurlik weet ons vanuit die Skrif dat God se Woord stand hou tot in ewigheid (Jes 40:8), maar dit wat ek hier beskryf is wel die wyse waarop die postmodernisme hom in die lewens van mense realiseer. Wanneer die postmodernisme in mense se lewens twyfel saai met betrekking tot die Bybel en die boodskap daarin, dan ***kan*** dit al erger word totdat die Skrif en sy heerlike boodskap later geen rol meer in so 'n persoon se lewe speel nie.

die evangelie, na Pinkster na alle mense gaan, werk God verder met sy kerk. Die Here werk ook in ander lewensverbande: volke, gesinne en gemeenskappe. Natuurlik bly elke individu 'n mens in eie reg, maar steeds binne die een of ander verband.

Vandag word hierdie werkswyse van God met alle mag deur die postmodernisme ondermyn. Ons sien dit rondom ons: elkeen leef vir homself, elkeen is net bekommerd oor sy eie behoeftes; ek, ek, ek…
Sien ons dit nie ook in die kerk nie? Wat is selgroepe anders as 'n manier om in die individu en sy behoeftes te voorsien? Elke persoon kan nou kies waar hy/sy, as individu, 'n heenkome kan vind. Wat van die verskillende soorte pastoraat wat ons vandag kry: kinderpastoraat, tienerpastoraat, bejaarde-pastoraat? Vir elke ouderdomsgroep is daar nou professionele hulp. Wat van al die verskillende soorte jeugverenigings in ons gemeentes: ons kry die klein jeugvereniging, die ouer vereniging en êrens tussen-in is daar nog die gewone vereniging vir jeug van ongeveer 16-23 jaar? O ja, dan natuurlik nog die bybelkringe en vrouevereenigings.

Is dit die manier waarop Christus sy gemeente wil fragmenteer? Vind ons in die Bybel nie die universele boodskap van God se toorn oor die sonde van elke mens en sy liefde in Christus Jesus nie? Is dit nie God se begeerte dat ons as gemeente in die erediens bymekaar kom nie? Ja, natuurlik! God wil sy ***volk*** ontmoet! Pasop vir die wolf in skaapsklere wat jou wysmaak dat jy en jou behoeftes eerste kom.

Subjektivisme
Die omgang met God raak die sentrum van ons lewe, ons hart. Elke hart ken sy eie vreugdes, hartseer en stryd. In elke hart is daar ook die aanvegting van sonde en ongeloof. Die geloof bring sy eie goeie ervaring met hom mee, maar tegelykertyd is daar baie ervarings wat vyandig is teenoor die geloof.
Daarom moet ons onsself beskerm teen die mag van die subjektivisme: die soeke na sekerheid by onsself en ons geloofservarings. Natuurlik mag daar in ons geloof subjetiwiteit wees, maar laat ons waak teen subjektivisme. Daarin lê geen sekerheid nie!

En tog is dit hier waar die postmodernisme altyd weer sy slag slaan. Die postmodernisme leer die mens dat dit oor hom en sy gevoelens gaan. Elkeen bepaal self wat vir hom aangenaam en aanneemlik is. Sien julle: individualisme lei tot subjektivisme; omdat dit oor my gaan (individualisme), sal ek voel en dink wat ek wil (subjektivisme).
Is die kerk vry hiervan? Allermins, in die kerk is ons dikwels maar net subjektivisties met die Bybel in die hand. My gevoelens en behoeftes bepaal hoe ek die Bybel lees. "Ek dink…" of "ek voel…" – is dit nie ons gunsteling-frase by vereniging nie? En selfs wanneer die predikant met die gesag van die Here kom: "So spreek die Here", dan nog sal ons daaruit haal en gebruik wat ons gevoelens pas en sus.

Subjektivisme is 'n gif met baie gevolge: relativisme, skeptisisme, hopeloosheid…

Relativisme
Dis eintlik baie logies: as elkeen glo wat hy wil en elkeen voel wat hy wil, dan is daar nie meer *DIE* waarheid nie. Net 'n kort ondersoek in die hedendaagse teologie en jy sal gou bevind dat die waarheid soek is. Die waarheid soek? By teoloë? Ja, het jy verwag dat as elkeen sy eie waarheid kan hê, dat ons almal dieselfde waarheid sou hê?

Natuurlik het die teoloë[2] 'n antwoord daarop. Volgens hulle is dit die rykdom van God se Woord dat elkeen daaruit kan haal wat hy/sy wil. Maar waar is dan die sekerheid? Waar is die vaste fondament? Is dit ook soek? Ek sou nie sê dis soek nie, maar dis beslis nie meer in God en sy Woord nie. Die sekerheid is nou in jouself. Jy, sondige en ellendige mens, van jou word verwag om krag en sekerheid by jouself te gaan soek. Sterkte!

> Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie. Al beswyk my vlees en my hart -- God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid.
> – Psalm 73:25, 26

Skeptisisme, hopeloosheid en rusteloosheid
Baie kortliks: die mens, hoe graag hy ook sy eie god wil wees, stamp homself telkemale maar weer bloedneus. Hoe soek jy krag in iets wat bitter swak is? Hoe soek jy sekerheid in iets wat deur die wind rondgedryf word?
Is dit verbasend dat baie mense skepties raak oor hulself en oor die lewe? Vind jy dit vreemd dat baie mense hopeloos ronddobber en rusteloos soek na iets om aan vas te hou?

My hart is onrustig, totdat dit rus vind in U…
Dié frase is die titel van hierdie twee artikels. Dis die woorde van Augustinus wat ons kan lees in een van die eerste paragrawe van sy *Confessiones*. Hier het ons 'n man wat van die een lering/filosofie na die ander voortgedryf is, maar nooit rus kon vind nie. Hy het rus gevind toe hy begin het om die Skrif te

[2] Dit is 'n growwe veralgemening om van teoloë in die algemeen te praat, maar dis slegs ter wille van die argument.

bestudeer en as gevolg daarvan tot geloof gekom het. Ja, dis die ware rus, die rus in God!

Wie kan rus vind as hy net aangewese is op sy sondige self, as hy die waarheid in homself moet vind, as daar niemand is wie se waarheid soos syne is nie? Dis hopeloos, dis uitsigloos.

Laat ons die boodskap van God glo en aanvaar as ***DIE*** waarheid, die enigste waarheid. Die wêreld lag as die gelowige kom met een enkele waarheid, maar die gelowige huil as hy sien hoe die wêreld in onsekerheid ronddwaal.
Laat ons hierdie enigste waarheid met mekaar en met die wêreld deel, want dis die hoop vir die wêreld. Laat hierdie waarheid ons ook lei en beskerm teen die aanvalle van die postmodernisme.

Hou vas aan die belydenis: *Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie* (Psalm 73:25).

My hart is rustig, want dit het rus gevind in U!

Voel jy ook so?

UITVERKIESING

Carina van Alten

Na aanleiding van 'n bespreking oor die uitverkiesing by jeugvereniging het ons besluit om 'n artikel in die Olielamp te plaas. As ons oor die uitverkiesing nadink moet ons vertrekpunt die mens se skuld wees. Die Here het ons goed gemaak. Dis ons skuld dat ons in die skuld by God gekom het, dat ons die ewige ellende en dood verdien. Dit is wat elke mens verdien. Die Here is op geen enkel manier verplig om enige mens te red nie, om enige mens uit te kies nie. Almal het verskriklik baie vrae daaroor, maar partykeer is hulle moeilik om te beantwoord. Die uitverkiesing is iets wat sekere mense steeds weer 'n rede gee om te twyfel. Om hulleself weer en weer af te vra: "Is ek uitverkies?". Die Here wil nie hê dat ons hierdie vraag vra nie. Ons kan nie in God se raadsplan kyk nie. Van die uitverkiesing geld wat ons in Deut. 29:29 lees: "Die verborge dinge is vir die Here onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet". Dit wat ons moet doen is om in geloof antwoord te gee op God se belofte

In Romeine 9 en 11 het ons die uitvoerigste bespreking van hierdie onderwerp in die hele Bybel. Paulus se uitgangspunt is dat niemand reg het op die genade van God nie. Hy toon aan hoe God in sy liefde deur die jare heen sekere individue gekies het om 'n spesiale rol te speel in sy plan met die wêreld (9:6-13). Andersyds beklemtoon hy hoe wyd die genade van God is (11:28-32). God die Skepper het die reg om te kies, en ons het hoegenaamd geen reg om sy keuse te bevraagteken of om sy geregtigheid te betwyfel nie. Die mens is nie 'n hulpelose pion in die hande van 'n wispelturige god nie. Die Bybel verkondig enersyds dat God mense uitverkies, andersyds verkondig dit dat die mens self verantwoordelik is, want hy is vry om te kies. Hoe hierdie twee beginsels van Goddelike uitverkiesing en menslike vryheid kan saamwerk, is bo ons begripsvermoë.

God is verhewe bo tyd en ruimte: met ons beperkte begrip kan ons niks buite tyd en ruimte voorstel nie. Ons kan dus slegs op die Woord van God vertrou. Die uitverkiesing mag vir die gelowiges juis 'n groot houvas en troos wees. Dit beteken dat 'n mens wat in geloof lewe dit in vertroue en sekerheid mag doen. Sy uitverkiesing lê in God vas. Hy het jou al voor die grondlegging van die wêreld uitgekies (Ef. 1:4). Elkeen wat nie by God se uitverkorenes behoort nie, het dit aan homself te danke. Die Here verwerp so iemand vanweë sy ongeloof. 'n Mens kan nooit die skuld vir sy ongeloof op God skuif nie. Elkeen wat glo, wat deur God uitgekies het, het dit net aan God se liefdeskeuse vir hom te danke. 'n Mens wat Christus leer liefkry het, sal nie op sy eie geloof roem nie, maar die Here dankbaar loof vir die wonder dat die Here hom uitgekies het.

"JINGLE BELLS …"

Dit is oukersmiddag in 'n besige winkelkompleks. Flikkerende liggies, klingelende klokkies, murmerering van opgewonde mensestemme omring my terwyl ek by my tafeltjie in 'n koffiewinkel sit. Rooi kersvaders belowe afslag pryse vanuit 'n sneeubeverfde winkelvenster. Tinsel en krinkelpapier versier deurkosyne. Reuse kersrangskikkings hang soos trosse druiwe van die koepeldak af. Soos die vrolike mense by my verby drentel in die gees van vakansie en sommige meer haastig, word ek aangesteek deur geesdrif vir inkopielus en verkondiging van vrede op aarde. Ek neurie saam

met die musiek oor die kompleks se luidsprekers van "The little drummer boy" en dan tik my voet weer op die maat van Jingle Bells …



Verlengde winkelure maak dit vir op-die-nippertjie-inkopers moontlik om nog gou vir Susan en Jannie die ideale geskenk te soek. Verkieslik by 'n winkel waar hulle dit kan omruil as hulle "allergies" is daarvoor. Verpakking? Net regs af by Woolies dame, loop net aan, voor Cardies staan 'n tafel met 'n selfhelp diens, u sal dit maklik vind! 'n Netjiese bordjie "laat asseblief 'n donasie vir minderbevoorregtes" staan strategies langs die geskenkpapier wat blink van goud en rooi. Jou gedagtes flits vir 'n oomblik na die honger haweloses en ingedagte frommel jy 'n groen noot die blikkie in.

Almal rondom my is behoorlik in die kersfeesstemming. Hoe anders? Die winkels bombardeer al vir omtrent twee maande die koms van kersfees deur die media. Tyd van vrolike samesyn met familie en vriende, tyd van geskenke en kersfeespoeding.Tyd van kalkoen en verrassings-klappers. Tyd van geld spandeer sonder omgee, tyd van gelukkig wees en omgee vir ander. Die tyd van die jaar waar almal mekaar in die winkels begroet met 'n "geseënde kersfees". Selfs die pakker in die hipermark kry 'n ekstra glimlag en miskien 'n footjie of twee. Tyd van skynbare geluk. Die media verkondig vrede, geluk, geregtigheid en voorspoed vir die wêreld. Kersvader lok kinders nader met 'n ho-ho-ho en lekkers. Begeertes na mooi speelgoed en luukse onnodighede word die skynbaar soet kind in die oor gefluister. Kinders word onder die indruk van wêreldse kersfeesgeluk gebring.

Tuis flikker die kersliggies en die boom pronk in die woonkamer met geskenke wat opstapel soos die gaste arriveer. 'n Engeltjie knipoog van bo af en jou hart word vol van geluk as jy jou familie se afwagtende oë op die geskenke sien. Almal knibbel al van vroegoggend af aan die bakke vooraf gebakte kerskoekies. Glimmend versier met versiersuiker en kersies. Dolly Parton verkondig vrede oor die hi-fi met haar "Christmas with the stars". Op die kaggelrak pryk die e-pos boodskappe, digitale kaarte versier met 'n prentjie van 'n baba toegedraai in doeke en selfs gewone poskaarte met wense vir 'n geseënde kersfees en voorspoedige nuwejaar.
Kersfees word voorgestel as die ideale tyd van die jaar. Dit het 'n tyd geword waarna die wêreld kan uitsien omdat daar vir 'n paar dae vergeet kan word van fakture, werksdruk, belasting, ens. Vir 'n paar dae kan hulle in 'n seepbel van geluk lewe. Gekoopte geluk.

Dan kom die anti-klimaks, die post-kersfees tyd. Die rot-ressies begin weer en sommiges val in depressie, ander kuier by hulle bankbestuurder om die rooi syfertjies te verduidelik. "Sien dit as my kersfees boodskap aan julle, mooi versier in rooi". Die eens vrolike mensemassa het verander na 'n besadigde, terneergedrukte groep mense. Geskenke word omgeruil om skuld af te betaal en familiebande skaats op dun ys na die alewige post-vakansie rusies.

In die wereld se dolle gejaag word daar nooit werklik stilgestaan by wat kersfees eintlik vir ons beteken nie. Die wonderlike betekenis van kersfees word verdoesel deur klatergoud en rooi en groen tinsel. Tussen die geskenke en kalkoene word daar immers bittermin stilgestaan by Christus se koms na die aarde. Christus se geboorte in 'n stal. Sy koms word wel genoem, word ver-romantiseer. Maar die werklike betekenis bly weggesteek agter die massas flikkerende kersfeesversierings. Die hele uitkyk op kersfees draai om die mens…

Kersfees ís immers 'n wonderlike tyd van die jaar. Maar as mens verby die simboliek kyk, word dit nog 'n wonderliker tyd. God stuur sy eniggebore Seun na die aarde, na ons sondige mense om vir ons sondes te kom sterf. Wat 'n ongelooflike genade. Dan hoef mens nie in na-feestyd depressie te val nie. God is kersfees daar, maar Hy is ook môre en oormôre daar. Hy is altyd daar as ons Hom nodig het. Kom buig dan in aanbidding!

NUUS VAN DIE KONGRESBOESMAN

Hierdie is die laaste brief van die kongresboesman, voor ons uiteindelik met die hoogtepunt van ons swerftog afsluit…die kongres! Waar ons lang tye van korrespondensie uiteindelik al die blye gesigte van ons getroue lesers mag sien! Dit is vandag skaars minder as ‘n maand weg. Tans begin ure se blink planne, swoeg en dink onder doringbome in die warm afrikason, stadig in plek val. Dis weer daai fyn boesman-vernuf waarvan ek julle al eerder vertel het.

Die tema van die konges is ‘Kinders van God in Afrika” en ons gaan hoofsaaklik vier onderwerpe gedurende die 5 dae bespreek. Die onderwerpe is soos volg:

- Gospelmusiek Ds. Dirk-Maurtis Boersma
- Die nuwe bybelvertaling Prop. Mendel Retief
- Wat is die mens? Dr. Michiel Durand
- Tradisionele Afrika geloof Ds. Rob Visser

In hierdie uitgawe van die Olielamp sal al die voorstudie wees wat julle vir kongres mag gebruik. Julle is natuurlik welkom om baie wyer te gaan lees en sodoende nog meer waarde by jul kongres te voeg.

Die kongres begin op Dinsdag 18 Desember om 12 uur. Ons sal nog by nadere kennisgewig reël vir ‘n konfooi vanaf die Maranata Kerk na die Hoekie. Aankomstyd is etenstyd en hulle hoef nie te bekommer oor jul eie kosblikkies nie, want ons sal julle vroeg reeds begin verras met die lekker kos! As julle voor en na die kongres verblyf nodig het, is julle welkom om Bertha (012) 332-0950 of Monika (012) 332-1744 te bel – hulle sal vir julle ‘n veilige hawe reël. Van heinde en verre kan julle bly solank julle wil!

Kostes: R 225
Kongres Ouers: Willie en Riesl Spies



Onthou ook om iets oulik in te pak vir die ‘country en western’ ete. Die hooibale en waterbakke vir julle perde is al gereël en die fyner detail soos die kapstok vir die hoede, die waaideure wat traag oop en toe slaan elke keer as iemand binnekom, sal binnekort gereed wees. Daar sal natuurlik nie net ”cowboys” en “girls” wees nie, maar ook “sheriffs” en bandiete (wie se “wanted” bordjies die dorp vol hang) is almal welkom! Want daai aand sluit ons die baie suksesvolle kongres af!

Sien julle dan almal binnekort by Die Hoekie! Vir die tyd van jul lewe!

Groetnis,
Die (hardwerkende) Kongresboesmans
Anita, Bertha, Cora, Erika, Frans, Hermien, Johan, Johannes, Marie-Louise, Monika, Tineke en Wolter

---

GOSPELMUSIEK - ’N GAWE VAN GOD

Dirk Maurits Boersma

Tydens die komende jeugkongres is ek gevra om ’n werkswinkel oor gospelmusiek aan te bied. Jy kan solank daaroor begin nadink met hierdie artikel in die hand.

Daar is baie vooroordele oor gospelmusiek, en baie mense het net vinnig daarna geluister en keur dit dan af. Om ’n musieksoort verantwoordelik te beoordeel, moet jy egter baie meer doen as dit. Gaan sit en luister, en kyk hoe dit jou help om God beter te leer ken en jou in die lewe met Hom te verheug.

Die verskille tussen die gospelcd’s wat ek besit het my tenminste een ding geleer: jy kan moeilik ’n

algemene oordeel oor gospelmusiek uitspreek. Dit is oneerlik om te sê alles is verkeerd, en naïef om te sê alles is goed. Dikwels is daar vooroordele of sekere standpunte oor kerklike musiek wat mense verhinder om dit na waarde te skat. Ek wil in hierdie artikel 'n paar van sulke hindernisse bespreek en uit die weg ruim. Hopelik kan lesers dan self begin om die musiek te luister, te beoordeel en te waardeer.

As Christen sal jy bly wees as iemand die Naam van die Here prys. Jy vind in die Skrif soveel oproepe om Hom te prys, dat jy jou sal verheug as iemand dit doen. 'n Christen kan dit op uiteenlopende maniere doen: byvoorbeeld deur te sing, deur jou daaglikse werk getrou te doen, deur Christus voor die mense te bely. Wie kreatiewe gawes van die Here gekry het, kan nuwe dinge maak waarin God ook geprys word. 'n Skilder kan dit doen deur Bybeltaferele te verf, maar ook deur skilderye oor ander dinge te vervaardig. So kan iemand met 'n mooi stem God eer deur gospelmusiek te maak.

Nuwe liedere

Hoekom staan party mense dan afwysend teenoor hierdie musiek? Dit kan wees dat hulle dink dat jy God net mag prys met Psalms en Skrifberymings. Hoewel daar redes is hoekom ons kerke saam besluit het om ons tydens *eredienste* daartoe te beperk, beteken dit nie dat dit die enigste wyse is om God te prys nie. (Trouens, die kerke het reeds besluit om gesange te begin toets, maar het nog steeds geen begin daarmee gemaak nie.) Daar is 'n verskil tussen wat jy persoonlik sing en mooi vind, en dit wat jy saam passend vind tydens 'n erediens. Nie alles wat almal mooi en skriftuurlik vind, moet ook in die kerk gesing word, en by die huis hoef jy nie net kerkmusiek te sing en te speel nie.

'n Belangrike teenwerping in dié verband is, dat ons nie ander musiek nodig het nie, omdat ons in die Skrif voldoende het om die Here te prys. Hier word 'n denkfout gemaak. Ons het in die Skrif alles gekry wat nodig is om Hom te ken, maar die lof op sy Naam is ons antwoord daarop. Dit kan nuwe vorme aanneem, afhangende van wat die Here in ons lewens doen, die gawes wat Hy ons gee, en die tyd en kultuur waarin ons lewe. God het nêrens in die Skrif gesê dat ons Hom net met Psalms mag loof nie.

Hierdie is 'n statiese visie, wat nie rekening hou met die voortgang in die werk van God en die kreatiewe werk van die Gees in gelowiges nie. Waar die Here verlos, klink nuwe liedere. Christus se werk word in die Ou Testament aangekondig, maar dit kom eers in die Nuwe Testament in die volle lig te staan. Dit moet ook in ons liedere uitkom. Die insigte in sy werk mag en moet deur Christene in liedere besing word, omdat die Heilige Gees aan Christus se kerk die gawes gegee het om dit te kan doen.

Veilig?

Maar is dit dan nie veiliger om by die Skriftuurlike liedere te bly nie? Dan is ons mos seker hulle is reg. As dit so is, moet ons wonder hoekom daar so baie boeke verskyn om die Skrif uit te lê, en hoekom predikante weekliks preke maak waarin hulle die Woord van God verwerk en uitlê. Sal ons nie liewer maar net die Skrif voorlees nie? Hoekom sou 'n mens eers by *liedere* die gevaar loop om jou van die Skrif te verwyder?! Ons moenie ons sekerheid soek in die letterlike teks nie, wat trouens in elk geval 'n vertaling van die oorspronklike Bybelteks is. Ons moet ons in alles deur die Gees van Christus laat lei. Hy onderwys ons in die kennis van God deur sy Woord en help ons by ons taak om dit in ons tyd en kultuur te verwoord.

Eintlik gaan dit om die regte verstaan van die werk van die Heilige Gees. Hy verander ons volgens die beeld van Christus: dit beteken geweldige veranderinge in jou lewe. Moenie klein dink oor sy werk nie, en dit beperk tot jou tradisie en gewoontes, die dinge waarmee jy groot geword het nie. Die Heilige Gees bring 'n volledige verandering in jou teweeg: Hy vernuwe die kinders van God deur die wedergeboorte. Hy herstel dan ons vermoëns en verander ons só, dat ons dit weer tot God se eer gaan gebruik. Die kreatiewe gawes is deel van daardie vermoëns. Laat ons daarom die Gees dank as daar nuwe liedere gemaak word, wat die Skrif naspreek en God eer. Dalk moet ons hier oppas om nie in die fout van Josua te verval nie. Hy wou gekeer het dat mense, deur die Gees gedryf, profeteer (Num. 11:26-29). Laat ons dankbaar wees as ons nuwe liedere ontvang waarin Christus se Naam bely en sy lof vermeerder word.

Skriftuurlik

Dan moet dit dus ons vernaamste meetpunt wees: is die lied wat ek luister, in ooreenstemming met die Woord van God? Dit mag nie in stryd kom met die inhoud van die Skrif nie. Positief gestel: dit moet help om die Skrif beter te verstaan en God die eer gee. Dit is vir my vernaamste rede hoekom ek van gospelmusiek hou. Luister byvoorbeeld na die lied van Don Francisco *Adam, where are you?* Op 'n beeldende manier word daarin die skoonheid van die skepping en die ellende van die sondeval verwoord. In die hele lied klink die oproep om na God terug te keer. Ek het nog nie 'n preek gehoor wat dit só mooi onder woorde bring nie. Preke is nodig, maar beperk: dit is meestal 'n betoog. Liedere het 'n eie waarde en spreek tot jou verbeelding en gevoel.

Gevoel

Meer as 'n preek kan 'n lied die emosies in beweging bring. Nee, emosies is nie verkeerd nie. Moenie dink dit is veilig as jy jou verstand gebruik, maar dit raak gevaarlik as jou emosies betrokke raak nie. Beide ons

verstand en ons emosies is sondig, en moet deur die Gees vernuwe word. As hulle vernuwe is, is beide dus ’n instrument om God te dien.

Daarom speel jou emosies ook ’n rol in jou lewe met God. Wat dink jy het Dawid gevoel toe hy die pragtige psalms gedig het? En dink jy Habakuk het sonder gevoel sy boek geskryf, en veral die gebedslied in die derde hoofstuk?
Wanneer ons lees van die liefde van Christus, laat dit ons harte vinniger klop. Die lyding van Christus in jou plek laat jou voel hoe ernstig jou sondes is en hoe groot Christus se liefde vir jou is. Vertroue op God is ’n verandering in jou hart. Ons klem op die regte leer het veroorsaak dat die katkisasies en preke in ons kerke te veel ’n onderrig-karakter het. Dit moet ook ’n lofliedkarakter hê, en dit moet ons gevoel aanspreek en in beweging bring. Hier is ook musiek en poësie van belang. Deur die woorde en die musiek saam word ons gevoelens in beweging gebring.

Evangeliserend
’n Sterk element in baie gospelmusiek is, dat dit gerig is op evangelisasie. Die evangelie word verkondig. Dit is ook die rede hoekom byderwetse musiek gebruik word. Met Geneefse wysies (ekskuus tog) of met klassieke musiek kan ‘n mens die huidige jeug moeilik bereik. Dis net nie hulle musiekstyl nie. Ek dink dis goed om ’n vorm te soek waarmee jy jou doelgroep wel kan bereik. Tensy dit aan die boodskap afbreuk doen.

In verband daarmee kan jy verwag dat sekere liedjies eensydig is. As jy evangeliseer, fokus jy op sekere sake. ’n Sekere eensydigheid is nie ’n beswaar nie, dit word deur die doel veroorsaak. Dit is mos bedoel om ’n ander aan die dink te sit, om hom te laat besef dat hy ’n sondaar is en redding nodig het. Dit kan opgevolg word met verdere gesprekke en onderrig. Maar eers moet die ongelowige se aandag getrek en sy interesse gewek word.
Jy kan nie in elke liedjie die hele leer van die Bybel opneem nie. Laat ons nie teveel van gospelmusiek verwag nie, en dit beoordeel op die vlak van preke nie. Trouens, ’n goeie preek is ook eensydig, omdat die preekteks beperkings het. Luister na musiek met ’n verwagtingspatroon wat by musiek pas.

Hieroor kan mens baie debatteer. Opvallend is, dat mense maklik twee standaarde hanteer. Iemand luister baie na Jakaranda (en het nie ’n probleem met die inhoudslose of slegte tekste nie), maar vind dat jy ekstra goed moet luister by gospelmusiek, sodat die naam van God nie gelaster word nie! Neem dan liewer die tyd om goed na gospelmusiek te luister en vergeet van die Jakaranda-nonsens. Dit sluit aan by wat Christus ons voorhou. Ons moet ons aandag op die hemel rig, waar Christus sit en regeer (Kol. 3:1-2; Hebr. 12:1-3) – so ontvang ons aansporing vir die wedloop van die geloof. Jy kan beter jou aandag rig op musiek en woorde wat jou help om die goeie, reine, regverdige en deugsame dinge te bedink en die betekenis van Christus beter te verstaan (sien Fil. 4:8-9). Die meeste gospelmusiek help jou heelwat beter daarby as baie ander bydertydse musiek!

Opbouend
’n Ander kriterium wat belangrik is, is dat dit opbouend moet wees. Ek dink nie die Here soek dit dat sy Naam honderd keer genoem word, maar sonder betekenis is nie. ’n Liedjie wat twintig keer ‘Jesus I love you’ sing, kan goed bedoel wees, maar dit pla my. Bedink wel, dat jy prinsipes en jou eie smaak maklik kan vermeng. Pasop dat jy musiek nie met prinsipiële argumente veroordeel nie, terwyl jy dit eenvoudig nie mooi vind nie. So vind ek byvoorbeeld die liedjie *I declare* van Julius Magan nogal saai en herhalend, maar het ek die reg om daarmee die liedjie af te skiet? Ék hou nie daarvan nie, maar daarom hoef ek dit nog nie kategories af te keur en mense af te raai om dit te luister nie. Wees beskeie met jou siening en luister ook na ’n ander. Partykeer is daar gesigspunte wat jy nog nie eers oorweeg het nie. En onbekendheid met iets kan by ons gou tot afwysing lei. Moenie te gou jou oordeel klaar hê en dit orals as die waarheid verkondig nie. Wees daarvan bewus dat jou ‘prinsipiële’ beoordeling ook deur jou smaak beïnvloed kan wees. Christelike oortuiging en prinsipiële beoordeling raak uit balans as beskeidenheid ontbreek.

Weet jy waarvan jy praat?
Ek dink dis ook gevaarlik om in die algemeen oor gospelmusiek te praat sonder om te weet wat dit is. Wie die jeugkongres besoek, sal die geleentheid kry om aan ’n werkswinkel oor gospelmusiek deel te neem. Daar kan jy regstreeks kennis maak met die tipe musiek deur dit self te beluister. Vervolgens kan ons dit bespreek en evalueer.

As jy nou onkrities na alle tipes musiek luister, moet jy leer om dit te beoordeel: help dit jou om as Christen te ontwikkel en God te dien?
As jy nou negatief teenoor gospelmusiek staan en dit dalk nooit of maar min beluister het nie, kan die werkswinkel jou ook help. Kom luister en ons praat saam daaroor. Dit kan wees soos die eerste keer dat jy ’n pragtige voetslaanpad uitstap. Is jy reg vir nuwe ontdekkings?

Gospelmusiek wat reg doen aan de Skrif, is ’n gawe van God, wat deur mense weer aan God aangebied word. Die kreatiewe werk van die Heilige Gees in die gelowiges wys die krag van God in ons lewens. Luister daarna en geniet daarvan as die Naam van God grootgemaak word en as jy daardeur die Bybel beter verstaan.

WAAROM GEBRUIK ONS DIE OU BYBELVERTALING?

Mendel Retief

In beginsel is ons nie teen ‘n nuwe vertaling van die Bybel nie. Ons sal graag ‘n nuwe vertaling in hedendaagse Afrikaans wil hê. Waarom gebruik ons dan nie die nuwe (1983) vertaling nie? Hieroor wil ons graag gesels by een van die werkswinkels op kongres. Die twee vernaamste besware teen die ‘83-vertaling sal dan bespreek word, naamlik die vertaalmetode wat gebruik is (dinamies ekwivalent) en die grondteks wat gebruik is (minderheidsteks met kodekse Sinaïtikus en Vatikanus as hoofbronne).

Ter voorbereiding kan jy die volgende verse in die ou (1933/53) vertaling vergelyk met dié van die nuwe (1983) vertaling.

Voorbeelde van verskille as gevolg van die vertaalmetode (en nuwe teologie)
Gen 2:9 en 3:5; 2:18; 3:15; 6:2,4; 15:6 (vgl. Rom 4:3,5); Ps 2:11,12; Ps 45:7,8; Jes 53:4-12; Sag 12:10 (vgl. Joh 19:34-37 en Opb 1:7); Spr 9:10; Rom 1:17; Luk 21:19; Fil 1:29; 1 Kor 1:2; 1 Tim 2:11,12; Jak 2:21,24, ens.

Voorbeelde van verskille as gevolg van die ander grondteks

- Mark 16:9-20 en Joh 7:8-11 kom nie voor in die nuwe grondteks nie – sien die voetnotas by hierdie gedeeltes in die nuwe vertaling.
- Slaan die volgende verse na in die nuwe vertaling: Mat 18:11; 23:14; Mark 15:28; 11:26. Hierdie (en vele ander verse) kom nie voor in die nuwe vertaling nie.
- Let op die weglating van woorde en frases in verse soos: Luk 11:2; Mat 6:13; 27:35; Mark 13:14; Joh 6:69; Luk 4:4 ens.

Ons wil graag ingaan op die rede vir die verskille en waarom die nuwe vertaling nie as betroubaar gereken kan word nie.

Sien jou daar (en hoop jy het jou voorstudie gedoen)!

HOE BEOORDEEL ‘N MENS DIE TRADISIONELE SWART GODSDIENS?

Ons wil op die Kongres antwoord op hierdie vraag kry. Dit is vir ons in ‘n post-moderne en na-apartheidsamelewing belangrik om daarop God se antwoord te soek.

Hoe beoordeel ons ander godsdienste
Ons kry al hoe meer met ander godsdienste te make. Die nuwe kurrikulum vir die skole verplig die skole om aan ander godsdienste aandag te gee. ‘n Christen moet in die wêreld waarin hy staan hoekom hy ander godsdienste afwys en aan mense van ander godsdienste Christus as die weg, die waarheid en die lewe verkondig. Dan moet jy o.a. antwoord kan gee op die volgende vrae:

- Hoe het die godsdienste in die wêreld ontstaan?
- Het die ander godsdienste een of ander verbinding met die HERE?
- Dien mense van ander godsdienste ook God?
- Is in ander godsdienste ook dele van die waarheid?

Hoe het ander godsdienste ontstaan?
Dit is ‘n belangrike vraag. Waar neem ons ons uitgangspunt?
Ons sien in die geskiedenis verskillende teorië:
Dit het gegroei van politeisme (die dien van meerdere gode) na monoteisme. (die dien van een god)

- Die monteisme was eerste
- Uitgangspunt in die Bybel as God se openbaring.

Tradisioneel swartgodsdiens
Ons kan nie sê dat die swart mense almal dieselfde godsdiens gehad het nie. Nogtans bestaan tussen verskillende groepe groot ooreenkomste. Ons wil op die kongres juis op die ooreenkomste let en dit beoordeel. Ek gee nou een voorbeeld waarop ons sal let. Dit is die voorouerverering. Ek gee hier nie die prinsipiele beoordeling nie. Dit is net om jou belangstelling te wek.

Wie is ‘n voorouer?
Binne die swart kulture en godsdienste bestaan ‘n verskil tussen wie voorouers is. By die Nguni en Sotho-groepe is dit net die manlike lyn terwyl dit by Venda en Tsonga’s ook die vroulike lyn is.
‘n Groot nageslag is nodig om ‘n voorouer te kan wees. Dan kan jy dit ook langer wees. Jy leef as voorouer solank jy in gedagte gehou word. Die voorouers is ook vir die hele volk van belang by

rampe en hoed. Voorouers is nie alleen tot heil nie. Hulle kan ook kwaad wees en vir ellende sorg.

Beoordeling deur Roomse kerk van voorouer-kultus

Die RK kerk sien die ander godsdienste as voorbereiding op die evangelieverkondiging. Hulle sien die voorouerkultus as 'n respek vir die voorouers en nie as aanbidding nie.

In die swart kulture vind na enkele weke of maande na iemand se dood 'n aparte ritueel vir 'n oorledene plaas waarby hy as voorouer geinstalleer word. Die RK kerk in Shonaland het 'n seremonie ontwikkel waarby die kerk hierby betrokke is. By hierdie seremonie roep mense en ook die priester die voorouer aan. Nog steeds word daaraan vasgehou dat kommunikasie tussen die oorledene en lewendes op aarde moontlik is. Die voorouers het 'n beskermende funksie en kan as 'n soort middelaar om beskerming vir hulle nageslag vra.

Voordat die voorouer geinstalleer is, is hy in die vaevuur en na sy installasie is hy in die hemel.

Moet die kerk nie akkomodeer nie?

Ons hoor steeds weer die argument dat die kerk die voorouerkultus nie radikaal moet afwys nie maar in christelike rigting moet ombuig. Dit moet volgens baie mense omdat as jy dit radikaal afwys swartmense dit in die geheim tog bly doen.

Hoe het dit in die geskiedenis gegaan? Wat was die gedagtes van die Germaanse volke, wat na 600 voor Christus die evangelie gehoor het? By die Germane, wat ons voorouers is, was dooies en lewendes in die hulle stam een geheel. Die dooies help die lewendes deur raad en deur drome. 'n Pa wou graag onder die drumpel van sy huis begrawe word, dan kon hy na sy dood nog toesig op sy familie hou.

Die sendeling Vulfran het die evangelie vir die Friese se koning verkondig. Alles wys daarop dat koning Radboud in die begin van die 8e eeu Christen sal word en die doop sal ontvang.

Net voordat die Friese koning gedoop sal word vra hy: "Vulfran, kom ek as gedoopte mens na my dood by my voorvaders?" Vulfran se antwoord is dat dit nie so is nie want sy voorouers het nie in Christus geglo nie. Sy voorouers het sonder Christus gesterf en is dus nie in die hemel nie. Radboud se reaksie is dan: "Liewer saam met my vaders in die Walhalla as by jou Christen-Franke in die hemel." Radboud word nie gedoop en gaan weer met groot krag Christus se kerk vervolg.

Hoe moet ons die sterke woorde en reaksies van die sendelinge teenoor die Germaanse godsdiens in die sewende en agtste eeu beoordeel?

Boeke vir voorstudie:

D. Crafford - Tradisionele godsdienste in Afrika *In:*
P. Meiring - Suid-Afrika land van baie godsdienste.
G.C. Oosthuizen - Godsdienste van die Wêreld
P. Theron - Die kerk en die tradisionele swart gebruike
A.J. de Visser - Kyrios and Morena

WAT IS DIE MENS?

Dr. Michiel Durand

Hier is 'n paar vrae om voor te berei op die werkswinkel oor: "Wat is die mens?"

- Hoe sigbaar is die mens?
- Hoe meetbaar is die mens?
- Hoe kenbaar is die mens?
- Is die mens 'n dier?
- Indien hy 'n dier is wat maak ons met die siel (wat so spesiaal is) van die mens?
- Indien hy nie 'n dier is nie, wat maak ons met die liggaam (wat so dieselfde is as 'n dier s'n) van die mens?
- Het al hierdie vrae enige praktiese nut?

Hoe kan hierdie vrae ons help wanneer ons begin praat oor:

- die oorsprong van die mens (dink maar aan die skepping, die bevrugting, die evolusie gesprekke)
- die sterwe van die mens (dink maar aan die gesprekke oor die begrawing, kremasie en doodstraf van die mens)
- die werk van die mens (dink maar aan die geboue, die instansies, die ambagte waarmee die mens hom besig hou)
- en die studie van die mens (dink maar aan die sielkunde, die psigiatrie en die geneeskunde)

SLEUTELGAT

Laat ek gou kyk… ons was by Clifton en ons was by Clifton en … en ons was by Clifton! En die beste van alles is, ons geniet dit nog steeds. Die gesprekke by die kerslig is altyd interessant.

Daar was ook van ons wat graag die gepoer-poer van die alledaagse lewe verruil het vir ‘n 15 lap Grand Prix. Ons het darem nie saam met Micheal Schumaker gery nie, nee hy sou dalk net vir Elisabeth en Ilse in die grond ingery het. Julle twee moet net onthou as julle eendag gaan begin ry om tog die petrol pedaal in te trap. Ons kon ongelukkig nie daarna Clifton toe gaan nie aangesien ons nie op die N1 daardie kant toe kon nie.

Was die Hake se ouers weg? Dit kan dalk net wees aangesien daar behoorlik gebring en gebraai is. Dit was natuurlik om die Westelike Provinsie se lekker wen te vier en dit te sien gebeur.

Ons het weereens mense wat ons verlaat. Antoinette gaan Nederland toe vir ongeveer drie maande sy gaan haar by haar broer en suster voeg. Antoinette het haar weggaan gevier met ‘n lekker gesellige koffiedrink by haar huis. Sy het ook ‘n heerlike bergklim gereël, wat baie lekker was. Sommige mense kon maar net nie die natuurskoon geniet sonder die spesiale mense in hulle lewe nie en moes die moderne tegnologie saamvat. Magda, het jy nie jou armspier verrek deur daai sms gestuur te kry nie?
Theo gaan Engeland toe? As ek reg is. Ons kon dit nog nie regkry om ‘n koffiedrink daar te hou nie, maar daar is darem ‘n braai volgende week. Antoinette en Theo laat dit met julle goed gaan!

Ons is nou besig met die laaste rondte om dan uiteindelik by die vakansie uit te kom.
Sterkte aan almal met die eksamens, ek hoop dit gaan en het goed gegaan.

Die Sleutelgat loerder

VOETSPOOR

Hi voetspoor vriende!

So tussen die leer deur, het voetspoor die jeug se paaie na gespeur, en die volgende het toe gebeur...

Die studentevolk het saamgetrek om weer te vergader. Die keer was die onderwerp bobbejane. Het jy geweet watse interessante diere is bobbejane. Voetspoor het gedink bobbejane is oulik en dis waar dit stop. Ek verseker jou Voetspoor se kennis het aanmerklik verbreed na dié interessante vergadering oor bobbejane. Dit is tog wonderlik om telkens weer te besef hoe wonderlik en uniek alles gemaak is. Na so ‘n aand besef mens weer, daar is net Een wat regeer en dit is ons Almagtige God en Vader!

Voetspoor het julle al in die vorige uitgawe vertel van die swem eskapades vir die MAF. Op 27 Oktober het die volk saamgetrek, die waters van Deon Malherbe swembad aan gedurf om kragte te meet. Almal het hul gate uit geniet en die water laat spat vir die MAF. Selfs ou voetspoor kon darem ‘n paar lengtes in kry! Wie sou nou nie sy bes probeer om dié een te wees wat saam met Christiaan Haak in sy MAF vliegtuig mag rond vlieg nie? Voetspoor kondig dan ook met trots die wenner aan: Nicoline Bijker het laat spat en die vliegrit voor almal se neuse weg gevat. Baie geluk Nicoline, voetspoor is trots op jou prestasie en hoop dat jy die vliegrit terdeë sal geniet.

Voetspoor het al weer verder gaan snuffel en dit wat hy gevind het wil hy baie graag met julle deel. Nou moet dit nog gebeur, maar as jy dit lees is dit al geskiedenis. Op 27 November trek die jeug weer op om maKKKKietie te hou.
Dit is die laaste vereeniging aand en daar is besluit om dit feestelik af te sluit. Almal moet

aantrek wat met 'n K begin/ te doen het. Dit klink of dit 'n lekker maKKKietie sal wees. Voetspoor kan nie wag om meer te sien en te vertel nie.

Om belydenis van die geloof te doen is altyd 'n baie groot gebeurtenis in jou lewe. Een van daardie dae wat jy nooit sal vergeet nie.
Voetspoor wil dan ook al die persone, wat op 28 Oktober en 4 November belydenis gedoen het van harte geluk wens met 'n mooi en verantwoordelike keuse. Ons wens julle sterkte toe om julle Ja-woord te kan en mag uitleef deur God wat jou die krag daar toe sal gee.
Hierby dan ook 'n hartelike welkom aan Leonie en Henrico, wat nou deel is van die Pretoria-gemeente.

Dan was daar weer 'n paar troues gewees of nog nog moet kom. Ons wens die volgende egpare Baie Geluk met die groot dag. Gerhard en Erica Bijker, Marinus en Yolanda de Jager en Wolter en Anita Miske. Sterke met die pad wat julle nou as egpaar saam mag loop.

As julle dit lees het almal al heel waarskynlik vakansie en is eksamens al deel van die geskiedenis. Ek hoop die suf geleerdery het goeie vrugte afgewerp. Voetspoor wens almal geluk wat nou kan sê: "Ek het my jaar geslaag/ Ek is 'n student / Ek het graad of diploma gevang".
Dan wil Voetspoor aan almal 'n heerlike vakansie toewens. Rus lekker uit en geniet elke oomblik! Voetspoor gaan béslis geniet want hy gaan kongres toe. Hy kan nie wag nie! Dit lyk asof die Kongres boesmans hulle beste doen om dié kongres onvergeetlik te maak. Solank al baie dankie aan die boesmans wat so hard werk. Voetspoor - en ek is seker die res van die jeug - waardeer julle harde werk.

Aangesien dit die laaste Olielamp uitgawe is van 2001 wens Voetspoor vir al die jeug 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2002 toe! Mag al julle drome bewaarheid word. Hou die blink kant bo!

Sien julle weer volgende jaar! Selfde plek, selfde tyd.
Groete van 'n suf geleerde Voetspoor.

Boeke

TUSSEN HAMER EN SEKEL ~ MICHAEL WURMBRAND

Karina Smit

Michael Wurmbrand vertel die verhaal oor sy jeugjare. Hy het grootgeword in die voormalige kommunistiese Roemenië waar die leiers van die land gereeld gewissel het. Groot chaos het geheers, want dit was net na die Tweede Wêreldoorlog. Die Christene is swaar verdruk en die kerk van Christus moes ondergronds vergader. Mense is deur die geheime polisie omgekoop om as spioene op te tree en enige persoon wat 'n Christen was, is gearresteer.

In hierdie omstandighede het Mihai grootgeword. Sy vader was 'n gesiene prediker van die Woord. So het sy vader dan ook in die tronk beland. Sy moeder is ook vanweë haar geloof gearresteer. Mihai moes op jong ouderdom gaan werk, maar omdat sy ouers in die tronk was, was dit vir hom moeilik om werk te kry. Hulle besittings is gereeld gekonfiskeer en telke male moes daar 'n klomp mense saam in een huis bly.



Deur dit alles het Mihai en sy ouers se geloof staande gebly en het hulle nie opgehou om die Evangelie te verkondig nie. Mihai het by talle opleidingskole aangesluit, maar moes telkens weer na ‘n tydperk hoor dat hy geskors is omdat sy ouers politieke gevangenisse was.

Hierdie is werklik ‘n aangrypende verhaal en laat mens weer besef hoe bevoorreg ons is om ons geloof vry te mag uitleef. Dit is ook hier duidelik dat God elke mens staande sal hou wat bly glo.

Die titel is by die Mediateek van Pretoria verkrygbaar.

DIE SWERFJARE VAN POPPIE NONGENA ~ ELSA JOUBERT

Wilma Lubbinge

Die lewe lyk verskillend van elke kant wat jy dit bekyk. En elke kant het sy reg en verkeerd. Eers as ons die ander kant ook gesien en beleef het kan ons duideliker onderskei tussen dit wat aanvaarbaar of onaanvaarbaar is.

Poppie Nongena verteenwoordig, as hoofkarakter, soveel gewone deursnee mense van die swartbevolking in Suid –Afrika. Sy word gebore in die onrustige dae van die tweede wêreldoorlog. As moeder kry sy swaar om vir haar kinders te sorg. Werk is skaars, goeie betaling nog meer. En altyd die probleme met ‘n werkspermit, want altyd hang daar die bedreiging van uitsetting. Die probleme in die woonbuurt van Nyanga is ook besig om hand uit te ruk – geweld bly ‘n fisiese probleem, ‘n monster wat jou of jou kinders gryp…



Haar lewe begin in Upington waar haar Ouma haar groot maak terwyl haar ma werk. Deur omstandighede word sy en haar familie gedwing om Lambertsbaai toe te trek, dis dan ook hier waar sy haar aanstaande man, Stone ontmoet. Hulle albei kom van die Oos-Kaap af, maar anders as Stone kan Poppie omtrent geen Xhosa praat nie. Binne ‘n paar jaar is die swartmense nie meer welkom in Lambertsbaai nie en trek die gesinnetjie Jakkelsvlei, ‘n woonbuurt in Nyanga, toe. Net om ‘n paar jaar later in ‘n lokasie naby Oos-London hervestig te word. Terwyl Stone in Nyanga agter bly. Vier jaar na Stone se dood keer sy weer terug na die Kaap om as broodwinner vir haar gesin te sorg. – net om vasgevang te word in die onluste van 1976.

Die boek vertel ons meer as net die lewensverhaal van ‘n swartvrou. Dit vertel ons die verhaal van die wankelrige keuses tussen eeue se erfnis en moderne lewe. Van die onversoenbaarheid tussen tradisionele Xhosa geloof en Westerse godsdiens.

Joubert skryf as voorwoord:
Hierdie verhaal is gebaseer op die feite wat ek ingewin het oor die lewe van Poppie Rachel Nongena, bebore Matati.
Dit is ‘n ware verhaal, maar om verstaanbare redes is die name van die persone verander.
Die boek probeer nie’n geheelbeeld gee van die politieke en sosieal gebeure vandie afgelope veertig jaar nie (1940 – 1980) wat betref die plattelandse, stedelike en hervestigde swartmense nie.
Dit probeer alleen om een gesin se belewenis van die tydperk so getrou dit vir my moontlik was, te beskryf.
Niks word dus bygevoeg wat nie deur Poppie of haar gesinslede self beleef is nie.

Soos die boekomslag vertel: Dit is nie sensasioneel, sentimenteel of ‘n romatisering van die verdrukte nie, maar ‘n nugter relaas met sterk politieke bowe- en newetone – sonder dat dit politiek betoog word.

BE STILL AND KNOW THAT HE IS GOD

A little boy is telling his Grandma how "everything" is going wrong. School, family problems, severe health problems, etc..
Meanwhile, Grandma is baking a cake. She asks her grandson if he would like a snack, which of course he does.
"Here, have some cooking oil." "Yuck" says the boy.
"How about a couple raw eggs? "
"Gross, Grandma!"
"Would you like some flour then? Or maybe baking soda?"
"Grandma, those are all yucky!"

To which Grandma replies: "Yes, all those things seem bad all by themselves.
But when they are put together in the right way, they make a wonderfully delicious cake! God works the same way. Many times we wonder why he would let us go through such bad and difficult times. But God knows that when He puts these things all in His order, they always work for good! We just have to trust Him and, eventually, they will all make something wonderful!"

He sends you flowers every spring and a sunrise every morning. Whenever you want to talk, He'll listen. Face it, He's crazy about you.

Every beginning comes from some other beginning's end. "Stop telling God how big your mountains are and start telling your mountains how big your God is.

Be still and know that He is God.....

WIE IS EK?

Daardie vraag kan jou afbreek. Dit gebeur as jy jouself sien as 'n tekort of 'n ballas. Miskien as gevolg van 'n verlede of deur 'n baie hoë verwagting van jouself, wat nie haalbaar is nie.
Dit lyk of die waarde van jou persoon afhang van hoe jou omgewing jou beoordeel. As gevolg daarvan voel jy onseker en moeg.
Op s'n minst gesê voel jy waardeloos, minderwaardig.
Twee baie klein gelykenisse. Die eerste een gaan oor die verlange na 'n suiwer evangelie. Dit is soos 'n skat. Wie daarna soek vind baie. Elke dag opnuut. ‘n Ander een gaan weer oor 'n skat. Nou is dit 'n pêrel. Maar jy is nie die koopman nie. Jesus is die Koopman.
Hy het alles, selfs sy lewe gegee, vir daardie pêrel. Die pêrel is JYSELF.

?

Die twee gelykenisse sit aanmekaar vas.
Wie in sy eie lewe die waarde van die evangelie ontdek, ontvang 'n nuwe eiewaarde. Jy is gekoop en betaal. Die waarde van jou lewe is klaar bepaal. Nie deur jou omgewing nie, maar deur Jesus Christus. Want Hy het jou as baba gedoop. En sy liefde vul jou identiteit. Nie afhanklik van wat jy presteer nie, maar omdat jy kosbaar is vir HOM.
Wie opsoek is na hom- of haarself, kan maar weet dat jy klaar gevind is deur Jesus Christus! Jy kan maar bly wees met jouself, want jy is sy eiendom.
Bedink maar hoe Jesus na jou kyk. Geloof is om met hierdie liefde van Hom deurdring te word.

GEDIG: KERSFEES

Tanya de Vente

Die volgende gedig is 'n satiriese kyk na Kersfees. Terwyl die mense in ons land Kersfees vier met groot jolyt en baldadigheid, is daar ander lande wat in 'n stryd gewikkel is. Terwyl ons hier nagemaakte sneeu het, is daar in ander lande werklik sneeu en ysige koue. Die mens is so geneig om te vergeet hoe gelukkig hy is.

Die digter beskryf hoe daar reggemaak word vir kersfees. Vrolike advertensies, linte, laggende kersvaders in 'n sneeubedekte landskap en selfs 'n beer. Ons versier ons huise, kersgeskenke word gekoop, wierook, vuurwerke, dan word kersliedere gesing.

MAAR elders in die wêreld is daar mens wat moet vlug vir hulle lewens, vir hulle geloof. Mense moet vlug voor koeëls. Dink ook maar aan die mense in Afganistan. Terwyl ons heerlik kersfees vier en ons kinders fopgewere kry is daar kinders wat moet leer om met werklike gewere te skiet. Dogtertjies kry 'n rooikruispop, terwyl díe in oorloggeteisterde gebiede werklike gewondes moet verpleeg.

Laat hierdie gedig ons herinner om 'n oomblik daarby stil te staan dat in ander dele van die wêreld daar nie tyd of geleentheid is om stil te staan by die koms van Christus nie.

Geseënde Kersfees & Nuwe Jaar!

Fin de Partie
(Kersfees – Nuwejaar 1975-76)

Ons maak ons klaar om kersfees te vier;
die klein kunsden is vrolik geadverteer
met linte, laggende kersvader en al;
’n sneeubedekte landskap, ’n wiegelende beer.

Ons tooi die huis met blomme: krismisrose
en vurige vuurpyle, hang silwerballe op;
kerspresente word gekoop: ’n fopgeweer
vir Boet, vir sus ’n rooikruispop

Ons klink glasies, skiet linksregs klappers af
en steek wierookstokkiesbrand;
dan kyk ons hoe die anabome vlam
en sien ’n vuurreën uitsak oor die land.

Iemand begin speel, ons sing met oorgawe;
kom herwaarts getroues; die Heiland is gebore.
Om díe wat vlug, sing die koeëls ’n ander deun,
Begelei stalin-orrels vreemde kore.

Terwyl ons feeskalotte skewer sak
en kersboompies een-een verdof,
leer die seuns, melktand-mitrailleurs,
die kunsies van die kalasjikof
en kersvader lag van oor tot oor
en ruk sy wattebaard af –
voor die kersboom begin ballerinas draai
en daar spoeg meteens vuur uit Josef se staf.

Dis Desember en orals begin die vuurpyle blom.
Maar dan dans die beer
En die lug skif toe en die fratssneeu kom.

(1/2/76)

Uit hoera hoera die ysman (perskor)

VERJAARSDAE

Bethal

Jean Sausberg	14 Des
Arnoud van den Bout	17 Jan

Johannesburg

Idelet Kuyvenhoven	5 Des
Johann Reyneke	7 Des
Marietjie Bijker	22 Dec

Kaapstad

Jaco Haak	8 Des
Elizabeth Raimond	10 Des
Magda Geleijnse	31 Des
Giny van der Vinne	31 Des
Johan Snyman	18 Jan
Riana van der Lugt	24 Jan
Albert Drijfhout	4 Jan

Maranata

Johan Sterk	1 Des
Willem Sterk	1 Des
Axel Hagg	2 Des
Gerda de Jager	9 Des
Marijke Aartsma	9 Des
Matthijs van der Hout	13 Des
Renier Kampman	13 Des
Anton Sterk	13 Jan
Erik de Vries	14 Jan
Marinus de Jager	18 Jan
Erik van Alten	20 Jan
Jeanette de Jager	21 Jan
Theo van der Vinne	24 Jan
Ferdinand Kerkhoff	29 Jan
Daniël van der Meulen	29 Jan

Pretoria

Carina Bijker	5 Des
Tanya de Vente	7 Des
Ronel van der Linden	19 Des
Timo Schuring	28 Des
Gerjan Hagg	4 Jan
Andreas Boon	6 Jan
Hans de Wit	9 Jan
Marjan Middeljans	15 Jan
Marieke Admiraal	17 Jan
Willemien Ros	17 Jan
Arjan van Houwelingen	18 Jan
Francoise Boon	20 Jan
Janet Ros	22 Jan
Marianne van der Horst	31 Jan